

Alle Paaie lei na Jesus : Die Nuwe Testament (4)

Alle Paaie lei na Jesus : Die Nuwe Testament (4) – Adrio König

2.3.4 Die ewige lewe

Ons het hier, net soos met die opstanding, een van die opvallendste verskille tussen die Ou Testament en die Nuwe. Net soos in die geval van die opstanding, kom die begrip “die ewige lewe” net in Daniël 12:2 voor. En ons weet reeds Daniël is deel van die oorgangsliteratuur tussen die twee Testamente. Daar is dus vroeër in die Ou Testament geen sprake van ewige lewe nie.

Ons het reeds gekyk na die dood in die Ou Testament (2.2), en na die feit dat die gelowiges die heil in *hierdie* lewe geniet het omdat die dood die beëindiging was van hulle gemeenskap met God. Dis tog 'n aangrypende gedagte dat om te lewe en om die Here te loof vir hulle direk aan mekaar verbonde was. As die Here nie meer aan die dooies dink nie, kan die dooies Hom nie meer loof nie, en dan leef hulle nie meer regtig nie al het hulle nog 'n soort skimbestaan in die chaotiese duisternis van die doderyk. “In die doderyk kan niemand U loof nie ... Net hulle wat nog lewe, kan U loof ... ” (Jes 38:18-19).

In die tyd van die Nuwe Testament het die verwagting van die opstanding alreeds sterk na vore gekom, ook onder sekere groepe onder die Jode soos die Fariseërs. In die meeste gevalle is dit in die Nuwe Testament nog 'n toekomsverwagting, maar by Johannes is dit nou al die gelowiges se deel (Joh 3:36).

Wat is die ewige lewe? Dit is natuurlik om die heil vir ewig in gemeenskap met God te geniet, en Hom ewig daarvoor te dank. Maar hiermee is al dadelik sekere beskouings oor die ewige lewe afgewys. Die ewige lewe is baie meer as om net altyd aan te hou lewe. Dit moet onder sekere omstandighede 'n verskrikking wees om te dink jy moet ewig aanhou lewe. Dink maar net aan mense wat aan 'n smartlike siekte ly of in 'n onhanteerbare verhouding vasgevang is, vir wie die toekoms uitsigloos is. Hulle sal ineens stort as hulle ewig daarmee moet aanhou. Sulke mense sou ewige lewe net sinvol vind as hulle lewensomstandighede en lewenskwaliteit radikaal sou


verander. En dit is inderdaad wat ewige lewe is.

Veral volgens Johannes is die ewige lewe direk verbonde aan Jesus self. Hy is self “die lewe” en wie in Hom glo, het die ewige lewe. Ook elkeen wat sy liggaam eet en sy bloed drink, het die ewige lewe (Joh 14:6; 3:36; 6:54). Dit beteken dat die ewige lewe lewe-in-gemeenskap-met-Jesus is. En dit kan ons maklik verstaan. Hy is die lewe, Hy het die dood oorwin, deur die geloof en die doop deel ons in sy sterwe vir die sonde en in sy oorwinningslewe oor die dood (Rom 6). Wat is dit anders as die ewige lewe waaraan ons deel het omdat ons aan Hom deel het?

Maar ook in gemeenskap met sy Vader. Let op na Johannes se “definisie” van die ewige lewe: “Dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is” (Joh 17:3).

Omdat die ewige lewe dus in werklikheid die gemeenskap met Jesus en sy Vader is, is dit vanselfsprekend dat dit nie net iets is wat net in die toekoms lê nie. Ons leef nou reeds deur die geloof aan Hom en sy Vader verbonde, en in daardie sin deel ons nou reeds in die ewige lewe. Die ewige lewe is dus nie maar net ewig aanhou lewe nie. Dis ewig in die gemeenskap van God en sy Seun op die nuwe aarde om sy gawes van rykdom en oorvloed te geniet en Hom daarvoor te loof en te dank.

Dit is heil, aardse heil, heil soos God dit van die begin af bedoel het. Alle paaie, óók die pad van die heil, lei na Jesus.



Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. *Alle Paaie lei na Jesus* (2010) deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n betrokke en uitdagende verduideliking bied van die die middelpunt van ons geloof: Jesus Christus.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: Prof Adrio König

Die Apostoliese Geloofsbelydenis (14)

When the heart full of God's love can draw on the mind full of God's word, timely blessings flow from the mouth. –John Piper

Die Apostoliese Geloofsbelydenis (14)

Ons gaan hierdie jaar begin deur meer in diepte na die Apostoliese Geloofsbelydenis te kyk. Ek gaan onder andere van Derek Vreeland se *Primal Credo* (2011) gebruik maak.

Die lewe: Ek glo aan ... 'n ewige lewe

Johannes begin sy evangelie met hierdie woorde: *In Hom was daar lewe, en die lewe was die lig vir die mense. Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie* (1:4 – 5). Jesus noem Homself *die brood wat lewe gee en die opstanding en die lewe. Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed* (Johannes 10:10). Toe van Jesus se dissipels Hom verlaat het, vra Hy vir die twaalf of hulle nie ook wil weggaan nie. Petrus antwoord dan: *Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee* (Johannes 6:68).

Die lewe waarvan die Bybel praat, is meer as ons biologiese lewe, meer as asemhaal en eet en drink. Die lewe wat Jesus beloof, is 'n lewe by sy volle potensiaal. Dit is meer as 'n biologiese, emosionele of intellektuele lewe. *God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie* (1 Johannes 5:11 – 12). Net deur 'n

lewe in Jesus kan mense hulle volle potensiaal as mense ondervind.

Hierdie lewe kan ons nie in onself kry nie. Ons kan hierdie lewe ondervind, want Jesus gee ons daartoe toegang: *Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie* (Johannes 14:6).

Maar wat het ons nodig om hierdie lewe te ondervind?

1.Geloof – ons moet in iets glo. Die geloofsbelydenis maak dit duidelik wat hierdie iets is waarin ons moet glo. Natuurlik kry ons nie in die belydenis alles wat ons van God moet weet nie, maar dit is die fondament. Geloof verbind ons met die verlede – wat God gedoen het en hoe Hy Hom aan ons geopenbaar het.

2.Hoop – iets om na uit te sien. Dit is 'n diepgevoelde geduld en verwagting; dit is nie 'n wens nie. *Wat buig jy jou neer, o my siel, en is onrustig in my? Hoop op God; want ek sal Hom nog loof* (Psalm 42:6 – OAV). Hoop verbind ons aan die toekoms – wat God nog vir ons gaan doen.

3.Liefde. Ons het mense met wie ons ons liefde en ons lewe kan deel nodig. Liefde gaan oor verhoudings. Geen wonder Jesus het die gebooie opgesom in een woord nie – liefde.

Die Didache, 'n antieke versameling van Christelike uitsprake, sê dat daar twee weë is – een van Lewe en een van Dood. Die Apostoliese Geloofsbelydenis open die deur na die ewige lewe.

Die ewige lewe

Die ewige lewe – Francois Malan

Catherine vra:

Ek wil graag die volgende weet: Vir wie is die Ewige Lewe Beskore? Verdien ons die Ewige Lewe? Kan ons goeie dade ons

red? Hoekom moes Jesus kom mens word? Die mens en sonde. Ek sal dit waardeer as u op die vrae kan antwoord, Skrifverwysings is ook welkom.

Antwoord:

Prof Francois Malan antwoord:

1.1 Vir wie is die ewige lewe beskore?

Elkeen wat in Jesus glo.

Joh. 3:16: God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

Joh.3:36 Wie in die Seun van God glo het die ewige lewe...

Joh.4:14 ' ...die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee.

Joh.5:24 Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan.

Joh.6:47 Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, het die ewige lewe.

Joh.6:54 Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan.

Joh.10:27-28 My skape luister na my stem; Ek ken hulle en hulle volg My. Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie.

Joh.12:25 '...wie sy lewe in hierdie wêreld nie bo My liefhet nie, sal dit vir die ewige lewe behou.

Joh.17:2,3 U het Hom immers die volmag oor die hele aarde gegee om aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe te gee. En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.

1.2 Verdien ons die ewige lewe?

Nee! Dit is 'n gawe van God se genade aan dié wat in Christus Jesus glo as die Seun van God wat vir ons sonde gesterf het en dat ons saam met Hom opgewek is om vir God te lewe deur God en ons medemens lief te hê.

Efesiërs 2:8-10 Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om homself trots te wees nie. Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dae waarvoor Hy ons bestem het.

Romeine 6:22-23 '...julle is vrygemaak van die sonde en in diens van God gestel en die vrug daarvan is dat julle geheilig word, en die uiteinde is die ewige lewe. Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.

1 Timotheus 1:15-16 Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste (sê Paulus). Maar juis daarom was God my genadig sodat Christus Jesus aan my, as die grootste sondaar, al sy verdraagsaamheid sou betoon en ek 'n voorbeeld kon wees vir almal wat in die toekoms in Hom sou glo om die ewige lewe te verkry.

1.3 Kan ons goeie dae ons red?

Nee. Met ons goeie dae sê ons vir God dankie dat Hy ons klaar vir die ewige lewe gered het deur Jesus se offer aan die kruis, en dat Hy ons aangeneem het as sy kinders vir wie Hy lief is, en in ons werk deur sy woord en sy Gees dat ons Hom en ons medemens sal liefhê.

Daarvoor het Hy met sy Heilige Gees in ons kom woon om ons in staat te stel om die sonde te weerstaan, en te begin om soos sy kinders op die aarde te lewe. Die vrug van die werk van die Gees in ons is: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Galasiërs 5:22-23).

Galasiërs 2:16 Ons weet tog dat 'n mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo. Ons het tot die geloof in Christus Jesus gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie, want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie.

Romeine 8:11 Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.

Romeine 8:15 ' ...julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: 'Abba!' Dit beteken Vader.

2. Hoekom moes Jesus kom mens word op aarde?

Om God en sy genade en waarheid aan ons te openbaar, ons van

ons sonde te verlos, en van ons kinders van God te maak wat luister na sy woord en vir Hom lewe.

Johannes 1:1 In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord

was self God. 1:3,4 Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding

wat bestaan het sonder Hom tot stand gekom nie. In Hom was daar lewe, en dié

lewe was die lig vir die mense. 1:9 Die ware lig wat elke mens verlig, was aan

kom na die wêreld toe. 1:12 almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo,

het Hy die reg gegee om kinders van God te word. 1:14 Die Woord het mens

geword en onder ons kom woon...die enigste Seun van die Vader, vol genade en

waarheid.1:16-18 Uit sy oorfloed het ons almal genade op genade ontvang...die

genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom. Niemand het God ooit

gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, dié het

Hom bekend gemaak.

Johannes 1:29 Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom, Hy sê toe:

'Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.'

Hebreërs 1:1-3 In die verlede het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders

gepraat deur die profete, maar in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat

deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam

van alles gemaak. Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld

van die wese van God. Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand. Nadat Hy

die reiniging van sonde bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van

die Majesteit in die hoë hemel.

Hebreërs 4:14-15 Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele

gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely.

Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan

hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp,

maar Hy het nie gesondig nie.

3. Die mens en sonde

Sonde is ons ongeloof, ons opstand teen God, die oneindige afstand tussen ons en God. Dit is ons ongehoorsaamheid teenoor God, ons verset teen sy genade, dat ons sonder God wil lewe,

dat ons ons eie god wil wees deur net vir onself te lewe.

- Jesaja weet wat sonde is as hy voor God te staan kom. Toe hy 'n gesig gehad het van die Here op sy troon, het hy uitgeroep 'Dit is klaar met my! Ek is verlore! Elke woord oor my lippe is onrein, en ek woon onder 'n volk van wie elke woord onrein is, en nou het ek die Koning gesien, die Here die Almagtige' (6:5).
- Toe Petrus die wonder van die groot visvangs op Jesus se woord sien, val hy voor Jesus se knieë neer en sê: 'Gaan weg van my af, Here, want ek is 'n sondige mens' (Lukas 5:8)
- Paulus sê vir die gemeentes in en om Efese wat uit die heidendom ontstaan het Vroeër...was julle sonder Christus, ver van God af sonder deel aan die verbonde en die beloftes wat daarmee saamhang, sonder hoop en sonder God in die wêreld.
- Maar nou is julle een met Christus Jesus. Julle wat vroeër ver van God gelewe het, het nou naby gekom deur die bloed van Christus (Efesiërs 2:12-13).
- Sonde is dat ons al ons vertrouwe op die mens en sy vermoë stel en nie op God nie, sê Jeremia 17:5:
- 'So sê die Here: Daar rus 'n vloek op die mens wat sy vertrouwe in mense stel, wat sy krag soek by sterflike mense en van My afwegdraai.'
- Paulus sê in 2 Korintiërs 5:15: Christus het vir almal gesterwe, sodat dié wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is. Jesus het gesê: As iemand agter My wil aankom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem (deur te sterwe aan homself) en My volg (Lukas 9:23).
- Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees, en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees. Die Seun van

die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense (Markus 10:43-45).

Skrywer: Prof Francois Malan